



• • •  
**BÜDGET**  
-----  
2019 TAX GUIDE

**Hierdie SARS Belastingakgids is ontwikkel om 'n oorsig te verskaf van die mees belangrike belasting-, regte- en heffingverwante inligting vir 2019/20.**

## **INKOMSTEBELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS**

Belastingkoerse vir die tydperk 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020

### **Individue en spesiale trusts**

<b>Belasbare Inkomste (R)</b>	<b>Belastingkoers (R)</b>
0 – 195 850	18% van belasbare inkomste
195 851 – 305 850	35 253 + 26% van belasbare inkomste bo 195 850
305 851 – 423 300	63 853 + 31% van belasbare inkomste bo 305 850
423 301 – 555 600	100 263 + 36% van belasbare inkomste bo 423 300
555 601 – 708 310	147 891 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600
708 311 – 1 500 000	207 448 + 41% van belasbare inkomste bo 708 310
1 500 001 en hoër	532 041 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000

### **Trusts, buiten spesiale trusts: Belastingkoers 45%**

#### **Kortings**

Primêre	R14 220
Sekondêre (persone 65 jaar en ouer)	R7 794
Tersiêre (persone 75 jaar en ouer)	R2 601

Ouderdom	Belastingdrumpel
Onder ouderdom van 65 jaar	R79 000
Ouderdom van 65 tot onder 75	R122 300
Ouderdom van 75 en ouer	R136 750

## Voorlopige belasting

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste by wyse van besoldiging verdien, vanaf 'n ongeregistreerde werkgewer, of inkomste wat nie besoldiging, 'n toelaag of voorskot betaalbaar deur die persoon se prinsipaal is nie. 'n Individu word nie vereis om voorlopige belasting te betaal indien die individu geen sake bedryf nie en die individu se belasbare inkomste -

- nie die belastingdrumpel vir die belastingjaar sal oorskry nie; of
- uit rente, dividende, buitelandse dividende, huurinkomste uit die verhuring van vaste eiendom, en besoldiging vanaf 'n ongeregistreerde werkgewer,

R30 000 of minder vir die belastingjaar sal wees.

Voorlopige belastingopgawes, wat 'n geskatte totale belasbare inkomste vir die jaar van aanslag toon, word van voorlopige belastingpligtiges vereis.

Afgestorwe boedels word nie as voorlopige belastingpligtiges geag nie.

## Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers (R)
0 – 25 000	0% van belasbare inkomste
25 001 - 660 000	18% van belasbare inkomste bo 25 000
660 001 - 990 000	114 300 + 27% van belasbare inkomste bo 660 000
990 001 en hoër	203 400 + 36% van belasbare inkomste bo 990 000

### Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel (enkelbedrag X) is gelyk aan -

- die belasting soos bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van enkelbedrag X plus alle ander uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007, en alle skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011; minus
- die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval voor enkelbedrag X vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007, en alle skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011.

## Uittreefonds-enkelbedragvoordele of skeidingsvoordele

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers (R)
0 – 500 000	0% van belasbare inkomste
500 001 - 700 000	18% van belasbare inkomste bo 500 000
700 001 – 1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste bo 700 000
1 050 001 en hoër	130 500 + 36% van belasbare inkomste bo 1 050 000

Uittreefonds-enkelbedragvoordele bestaan uit enkelbedrae vanuit 'n pensioen-, pensioenbewaring-, voorsorg-, voorsorgbewaring- of uittree-annuïteitsfonds met afsterwe, uittrede of beëindiging van indienshouding nagevolg van die ouderdom van 55 jaar, siekte, ongeluk, besering, onbevoegdheid, oortolligheid of die beëindiging van die werkgewer se bedryf.

Skeidingsvoordele bestaan uit enkelbedrae vanaf, of per ooreenkoms met 'n werkgewer nagevolg van die afstanddoening, beëindiging, verlies, repudiasie, kansellasië of wysiging van 'n persoon se kantoor of indienshouding.

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragvoordeel of 'n skeidingsvoordeel (enkelbedrag of skeidingsvoordeel Y) is gelyk aan -

- die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van bedrag Y plus alle ander uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007, en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009, en alle ander skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011; minus
- die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval voor enkelbedrag Y vanaf Oktober 2007, en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009, en alle skeidingsvoordele wat toeval voor skeidingsvoordeel Y vanaf Maart 2011.

## Dividende

Dividende ontvang deur individue vanaf Suid-Afrikaanse maatskappye word oor die algemeen vrygestel van inkomstebelasting, maar dividendebelasting teen 'n koers van 20% word deur die entiteite, wat die dividende aan die individue uitbetaal, teruggehou. Dividende ontvang vanuit REITs (gelysde en gereguleerde eiendom-besittende maatskappye) deur Suid-Afrikaanse inwonende individue is onderhewig aan inkomstebelasting, en nie-inwoners in

ontvangs van sodanige dividende is slegs onderhewig aan dividendebelasting.

## Buitelandse Dividende

Meeste buitelandse dividende, deur individue ontvang vanaf buitelandse maatskappye (aandeelhouding van minder as 10% in die buitelandse maatskappy) is belasbaar teen 'n maksimum effektiewe koers van 20%. Geen aftrekkings is toelaatbaar vir uitgawes om buitelandse dividende te produseer nie.

## Rente-vrystellings

- Rente vanuit 'n Suid-Afrikaanse bron deur enige natuurlike persoon, onder die ouderdom van 65 jaar verdien, tot en met R23 800 per jaar, en persone van 65 jaar en ouer, tot en met R34 500 per jaar, is vrygestel van inkomstebelasting.
- Rente verdien deur nie-inwoners wat fisies afwesig is uit Suid-Afrika vir minstens 181 dae gedurende die 12 maande tydperk voor die rente toeval, en die skuld waaruit die rente afkomstig is, is nie effektiewelik verbonde aan 'n vaste plek van sake in Suid-Afrika nie, is vrygestel van inkomstebelasting.

## Aftrekkings

### **Uittreefondsbydraes**

Bedrae bygedra tot pensioen-, voorsorg- en uittree-annuïteitsfondse gedurende 'n jaar van aanslag, is aftrekbaar deur lede van sodanige fondse. Bedrae deur werkgewers bygedra en as byvoordele belas, word as bydraes deur die individuele werknemers beskou. Die aftrekking is beperk tot 27.5% van die grootste van besoldiging vir LBS-doeleindes of belasbare inkomste (beide uitsluitend uittreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele). Die aftrekking is verder beperk tot die laagste van R350 000 of 27.5% van belasbare inkomste, voor die insluiting van belasbare kapitaalwins. Enige bydraes wat die beperkings oorskry, word oorgedra na die volgende jaar van aanslag en word geag as bygedra in sodanige volgende jaar. Die bedrae oorgedra word verminder deur bydraes te verreken teen uittreefondsenkelbedrae en teen uittree-annuïteite.

### **Mediese en gestremdheidsuitgawes**

Individue mag die volgende aftrek in die bepaling van belasting betaalbaar -

- maandelikse bydraes tot mediese skemas ('n belastingkorting na verwys as 'n mediese skemafooie



belastingkrediet) deur die individu wat die bydraes betaal het, tot en met R310 vir elk van die eerste twee persone gedek deur sodanige mediese skemas, en R209 vir elke bykomende afhanklike; en

- in die geval van -
  - 'n individu wat 65 jaar en ouer is, of indien 'n individu, sy/haar eggenoot, of sy/haar kind 'n persoon met 'n gestremdheid is, 33.3% van die som van kwalifiserende mediese uitgawes betaal en gedra deur die individu, en 'n bedrag waarmee mediese skemabydraes, deur die individu betaal, drie maal die mediese skemafooie belastingkrediete vir die belastingjaar oorskry; of
  - enige ander individu, 25% van 'n bedrag gelyk aan die som van kwalifiserende mediese uitgawes betaal en gedra deur die individu, en 'n bedrag waarmee die mediese skemabydraes wat deur die individu betaal is, die mediese skemafooie belastingkrediete vir die belastingjaar vier maal oorskry, beperk tot die bedrag wat 7.5% van belasbare inkomste oorskry (uitsluitend uitreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele).

## **Skenkings**

Aftrekkings ten opsigte van skenkings aan bepaalde openbare

weladaadsorganisasies is beperk tot 10% van belasbare inkomste (uitsluitend uittreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele). Die skenkingbedrag wat 10% van die belasbare inkomste oorskry, word beskou as 'n skenking aan die kwalifiserende openbare weladaadsorganisasies in die volgende belastingjaar.

## Toelae

### Bestaanstoelae en -voorskotte

Waar die ontvanger verplig is om, op sakereis, minstens een nag weg van sy/haar gewone plek van woning te spandeer en die akkommodasie verwant aan sodanige toelaag of voorskot is binne die Republiek van Suid-Afrika, en die toelaag of voorskot word toegestaan om te betaal vir -

- maaltye en toevallige kostes, word 'n bedrag van R435 per dag geag as spandeer;
- toevallige koste alleenlik, word 'n bedrag van R134 vir elke dag wat binne die tydperk hierbo omskryf val, geag as spandeer

Waar die akkommodasie verwant aan sodanige toelaag of voorskot buite die Republiek van Suid-Afrika is, word 'n bepaalde bedrag per land geag as spandeer. Besonderhede oor sodanige bedrae is gepubliseer op die SARS-webtuiste onder [\*Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices /\*](#)

2019.

## Reistoelaag

Tarief per kilometer, wat gebruik mag word in die bepaling van die toelaatbare aftrekking vir besigheidstreise, teen 'n toelaag of voorskot, waar werklike koste nie geëis word nie, word bepaal deur die gebruik van die volgende tabel:

Waarde van voertuig (insluitend BTW) (R)	Vaste onkoste (R per jaar)	Brandstof-onkoste (c/km)	Instandhoudings-onkoste (c/km)
0 - 85 000	28 352	95.7	34.4
85 001 - 170 000	50 631	106.8	43.1
170 001 - 255 000	72 983	116.0	47.5
255 001 - 340 000	92 683	124.8	51.9
340 001 - 425 000	112 443	133.5	60.9
425 001 - 510 000	133 147	153.2	71.6
510 001 - 595 000	153 850	158.4	88.9
meer as 595 000	153 850	158.4	88.9

### Let wel:

80% van die reistoelaag moet by die werknemer se besoldiging ingesluit word vir die berekening van LBS. Die persentasiedeel word verminder na 20% indien die werkgever ooreenstem dat minstens

80% van die gebruik van die voertuig vir die belastingjaar vir sakedoeleindes sal wees.

Geen brandstofonkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle onkoste van brandstofgebruik in die voertuig gedra het nie, en geen instandhoudingsonkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle instandhoudingsonkoste van die voertuig gedra het nie (bv. indien die voertuig deur 'n instandhoudingsplan gedek word).

Die vaste koste moet op 'n pro-rata basis verminder word indien die voertuig vir minder as 'n volle jaar vir sakedoeleindes gebruik word.

Die werklike afstand gereis gedurende 'n belastingjaar en die afstand gereis vir sakedoeleindes, gestaaf deur 'n ritboek, word gebruik om die onkoste te bepaal wat teen 'n reistoelaag geëis mag word.

### **Alternatiewelik:**

Waar 'n toelaag of voorskot gebaseer is op die werklike afstand deur die werknemer vir sakedoeleindes gereis, is geen belasting betaalbaar op 'n toelaag wat deur 'n werkgever aan 'n werknemer betaal is nie, tot en met 'n tarief van 361 sent per kilometer, ongeag die waarde van die voertuig. Alhoewel, hierdie alternatief is nie toepasbaar indien ander vergoeding in die vorm van 'n toelaag of terugbetaling (buiten vir parkering of tolgelde), ten opsigte van sodanige voertuig, van die werkgever ontvang is nie.

## Ander aftrekkings

Buiten die aftrekkings hierbo uiteengesit, mag 'n individu slegs aftrekkings teen besoldigingsinkomste of toelae eis in beperkte gespesifiseerde situasies, bv. slegte skuld ten opsigte van salaris.

## Byvoordele

### Voertuie in werkgewersbesit

- Die belasbare waarde is 3.5% van die bepaalde waarde (die kontantonkoste insluitend BTW) per maand vir elke voertuig. Waar die voertuig -
  - die onderwerp van 'n instandhoudingsplan was met die aankoop van die voertuig deur die werkgewer, is die belasbare waarde 3.25% van die bepaalde waarde; of
  - deur die werkgewer bekom is ingevolge 'n bruikhuurkontrak, is die belasbare waarde die onkoste aangegaan deur die werkgewer ingevolge die bruikhuurkontrak plus die brandstofonkoste.
- 80% van die byvoordeel moet ingesluit word by die werknemer se besoldiging vir die berekening van LBS. Die persentasiedeel word verminder na 20% indien die werkgewer ooreenstem dat minstens 80% van die gebruik van die voertuig vir die belastingjaar vir

sakedoeleindes sal wees.

- Met aanslag, word die byvoordeel vir die belastingjaar verminder deur die verhouding van die afstand gereis vir sakedoeleindes, soos deur 'n ritboek gestaaf, gedeel deur die werklike afstand gereis gedurende die belastingjaar.
- Met aanslag, is verdere versagting toepasbaar vir die onkoste van lisensies, versekering, instandhouding en brandstof vir privaatgebruik, indien die volle onkoste daarvan deur die werknemer gedra is, en indien die afstand gereis vir privaatdoeleindes deur 'n ritboek gestaaf word.

## **Rente-vrye of lae-rente lenings**

Die verskil tussen rente opgelê teen die amptelike koers en die werklike bedrag rente opgelê moet by bruto inkomste ingesluit word.

## **Residensiële akkommodasie**

Die waarde van die byvoordeel wat by bruto inkomste ingesluit moet word, is die kleinste van die voordeel soos bereken deur die toepassing van die voorgeskrewe formule, of die werkgewer se onkoste indien die werknemer nie beskik oor

volle eienaarskap van die akkommodasie nie.

Die formule is van toepassing indien die akkommodasie deur die werknemer besit word, maar dit is nie van toepassing op vakansie-akkommodasie wat deur die werkgever gehuur word by nie-geassosieerde instansies nie.

## **INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE**

Finansële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2019 en 31 Maart 2020

<b>Soort</b>	<b>Belastingkoers (R)</b>
Maatskappye	28% van belasbare inkomste

## **INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKE-ONDERNEMINGS**

Finansële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2019 en 31 Maart 2020

<b>Belasbare Inkomste (R)</b>	<b>Belastingkoers (R)</b>
0 – 79 000	0% van belasbare inkomste
79 001 – 365 000	7% van belasbare inkomste bo 79 000
365 001 – 550 000	20 020 + 21% van belasbare inkomste bo 365 000
550 001 en hoër	58 870 + 28% van die bedrag bo 550 000

## OMSETBELASTING VIR MIKRO-ONDERNEMINGS

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen  
1 Maart 2019 en 29 Februarie 2020

Belasbare omset (R)	Belastingkoers (R)
0 – 335 000	0% van belasbare omset
335 001 – 500 000	1% van belasbare omset bo 335 000
500 001 – 750 000	1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000
750 001 en hoër	6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000

## INWONERSBASIS VAN BELASTING

Inwoners word belas op hulle wêreldwye inkomste, onderhewig aan bepaalde uitsluitings. Die algemene beginsel is dat buitelandse belastings, op inkomste uit die buiteland afkomstig, toegelaat word as 'n krediet teen Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar. Dit is van toepassing op individue, maatskappye, beslote korporasies, trusts en boedels.



## BELASTING VAN KAPITAALWINS

Kapitaalwins op die wegmaking van bates word by belasbare inkomste ingesluit.

### **Maksimum effektiewe belastingkoers:**

Individue en spesiale trusts	18%
Maatskappye	22.4%
Ander trusts	36%

Aangeleenthede wat 'n wegmaking (beskikking) tot gevolg kan hê, sluit in verkoop, skenking, verruiling, verlies, afsterwe en emigrasie. Die volgende is sommige van die bepaalde uitsluitings:

- R2 miljoen wins of verlies op die wegmaking van 'n primêre woning;
- meeste persoonlike-gebruik bates;
- uittreevoordele;
- betalings ten opsigte van oorspronklike langtermyn versekerspolisse;
- jaarlikse uitsluiting van R40 000 kapitaalwins of kapitaalverlies word toegestaan aan individue en spesiale trusts;
- kleinsake uitsluiting van kapitaalwinste vir individue

(minstens 55 jaar van ouderdom) van R1.8 miljoen, wanneer 'n kleinsake-onderneming, met 'n markwaarde van nie meer as R10 miljoen nie, weggemaak word; en

- in plaas van die jaarlikse uitsluiting, is die uitsluiting aan individue toegestaan vir die jaar van afsterwe R300 000.

## **DIVIDENDEBELASTING**

Dividendebelasting is 'n finale belasting teen 'n koers van 20% op dividende betaal deur inwonende en nie-inwonende maatskappye ten opsigte van aandele gelys op die JSE.

Dividende is vrygestel van belasting indien die begunstigde eienaar van die dividend 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, uittreefonds of ander vrygestelde persoon is. Nie-inwonende begunstigde eienaars van dividende kan voordeel trek uit verminderde belastingkoerse in beperkte omstandighede. Die belasting moet teruggehou word deur maatskappye wat die belasbare dividende uitbetaal of deur gereguleerde tussengangers in die geval van dividende op gelysde aandele. Die belasting op dividende *in natura* (buiten in kontant) is betaalbaar en word gedra deur die maatskappy wat die dividend verklaar en uitbetaal.

## **ANDER TERUGHOUBELASTING**

In beperkte omstandighede kan die toepaslike belastingkoers verminder word ingevolge 'n belastingooreenkoms met die land van inwoning van 'n nie-inwoner.

### **Tantieme**

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op die bruto-bedrag tantieme uit 'n Suid-Afrikaanse bron aan nie-inwoners betaalbaar.

### **Rente**

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op rente uit 'n Suid-Afrikaanse bron, aan nie-inwoners betaalbaar. Rente is vrygestel indien betaalbaar deur enige sfeer van die Suid-Afrikaanse regering, 'n bank, of indien die skuld gelys is op 'n erkende beurs.

### **Buitelandse vermaak- en sportpersone**

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op bruto bedrae betaalbaar aan nie-inwoners vir aktiwiteite deur sodanige nie-inwoners beoefen binne Suid-Afrika as vermaaks- of sportpersone.

### **Wegmaking van onroerende eiendom**

'n Voorlopige belasting word teruggehou namens nie-inwonende verkopers van onroerende eiendom in Suid-Afrika,

en moet teen die normale belastingaanspreeklikheid van die nie-inwoners verreken word. Die belasting wat moet teruggehou word van uitbetalings aan sodanige nie-inwoners word gehef teen 'n koers van 7.5% vir 'n nie-inwonende individu, 10% vir 'n nie-inwonende maatskappy, en 15% vir 'n nie-inwonende trust wat die onroerende eiendom verkoop.

## **ANDER BELASTINGREGTE EN -HEFFINGS**

### **Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)**

BTW word gehef teen die standaardkoers van 15% op die lewering van goedere en dienste deur geregistreeerde ondernemers.

'n Ondernemer wat belasbare leweransies van meer as R1 miljoen per jaar maak, moet vir BTW registreer. 'n Ondernemer wat belasbare leweransies van meer as R50 000 maak, maar nie meer as R1 miljoen per jaar nie, mag aansoek doen vir vrywillige registrasie. Bepaalde leweransies is onderhewig aan 'n nulkoers of is vrygestel van BTW.

## Hereregte

Hereregte is betaalbaar teen die volgende koerse op transaksies wat nie aan BTW onderhewig is nie -

### Aankoop van eiendom deur alle persone:

Waarde van eiendom (R)	Koers
0 – 900 000	0%
900 001 – 1 250 000	3% van die waarde bo R900 000
1 250 001 – 1 750 000	R10 500 + 6% van die waarde bo R1 250 000
1 750 001 – 2 250 000	R40 500 + 8% van die waarde bo R 1 750 000
2 250 001 – 10 000 000	R80 500 +11% van die waarde bo R2 250 000
R10 000 001 en hoër	R933 000 + 13% van die waarde wat R10 000 000 oorskry

## Boedelbelasting

Boedelbelasting word gehef op eiendom van inwoners, en op Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners, minus toelaatbare aftrekkings. Die reg word gehef op die belasbare waarde van 'n boedel teen 'n koers van 20% op die eerste R30 miljoen, en teen 'n koers van 25% bo R30 miljoen.

'n Basiese aftrekking van R3.5 miljoen is toelaatbaar in die bepaling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting, asook aftrekkings vir aanspreeklikhede, bemakings aan

openbare weldaadsorganisasies en eiendom toegeval aan oorlewende eggenote.

## Skenkingsbelasting

- Skenkingsbelasting word gehef teen 'n vaste koers van 20% op die kumulatiewe waarde van eiendom geskenk, wat nie R30 miljoen oorskry nie, en teen 'n koers van 25% op die kumulatiewe waarde wat R30 miljoen oorskry.
- Die eerste R100 000 van eiendom geskenk in elke jaar, deur 'n natuurlike persoon, is vrygestel van skenkingsbelasting.
- In die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie, word die vrygestelde skenkings beperk tot toevallige geskenke wat nie R10 000 per jaar in totaal oorskry nie.
- Bemakinge tussen eggenote en Suid-Afrikaanse groepmaatskappye, en skenkings aan bepaalde openbare weldaadsorganisasies is vrygestel van skenkingsbelasting.

## Effektebelasting

Die belasting word opgelê teen 'n koers van 0.25% op die oordrag van gelysde of ongelysde effekte. Effekte behels aandele in maatskappye of ledebelange in beslote korporasies.

## **Belasting op Internasionale Lugreise**

R190 per passasier wat vertrek op internasionale vlugte, uitsluitend vlugte na Botswana, Lesotho, Namibië en eSwatini, in welke geval die belasting R100 is.

## **Vaardigheidontwikkelingsheffing**

'n Vaardigheidontwikkelingsheffing is betaalbaar deur werkgewers teen 'n koers van 1% van die totale besoldiging aan werknemers betaal. Werkgewers wat jaarlikse besoldiging betaal van minder as R500 000 is vrygestel van die betaling van vaardigheidontwikkelingsheffings.

## **Werkloosheidversekeringsbydraes**

Werkloosheidversekeringsbydraes is maandeliks betaalbaar deur werkgewers op die basis van 'n 1% bydrae deur werkgewers en 1% deur werknemers, gebaseer op werknemers se besoldiging onder 'n bepaalde bedrag.

Werkgewers wat nie vir LBS- of VOH-doeleindes by SARS geregistreer is nie, moet die bydraes aan die Kommissaris van Werkloosheidversekering oorbetal.

## SARS RENTEKOERSE

<b>Rentekoers (vanaf 1 Desember 2018)</b>	<b>Koers</b>
Byvoordele - rente-vrye of lae-rente lenings (amptelike koers)	7.75% per jaar
<b>Rentekoers (vanaf 1 Maart 2019)</b>	<b>Koers</b>
Laat of onderbetaling van belasting	10.25% per jaar
Terugbetaling of oorbetaling van voorlopige belasting	6.25% per jaar
Terugbetaling van belasting op suksesvolle appèl of waar die appèl deur SARS toegegee is	10.25% per jaar
Terugbetaling van BTW na voorgeskrewe tydperk	10.25% per jaar
Laat betaling van BTW	10.25% per jaar
Doeane en Aksyns	10.25% per jaar



# Begrotingshoogtepunte

**Aanpassing van inkomstebelastingkortings** om die **belastingdrumpels vir individue te verhoog**



**Algemene brandstofheffing** verhoog met 15 sent per liter en die **padongelukfondsheffing** verhoog met 5 sent per liter vanaf 3 April 2019



'n **Heffing op uitlaatgasse** teen 9 sent per liter op petrol en 10 sent per liter op diesel sal ingestel word met intreding 5 Junie 2019.



**Verhoogde aksynsregte** op tabak- en alkoholprodukte

